BYBELSTUDIE HEBREËRS 12:14-29.

A. OPSOMMING.

In vers 14-17 word die gelowiges opgeroep om sekere sake soos vrede en heiligmaking belangrik te ag. Verder word hulle gewaarsku teen sonde en vervlakking.

VERS 14-17.

Die vrede en heiligheid in vers 14 is 'n opdrag aan ons. Hier val die klem op ons verantwoordelikheid. Ons moet ons in die eerste plek beywer vir vrede met alle mense. Die Griekse woord vir beywer beteken om met volharding na te jaag. Vrede is baie meer as die afwesigheid van oorlog of vyandigheid. Hierdie opdrag beteken om vrede te maak en vrede te hou. Dit gaan dus oor positiewe en heel verhoudings.

Vrede maak en versoening kan nie van mekaar geskei word nie. Hier in Hebreërs beteken dit dus dat waar daar onvrede is tussen ons en ander mense, ons die inisiatief tot versoening moet neem – selfs al is ons nie die skuldige party nie [vgl. Matt.5:23-24].

In die tweede plek is 'n heilige lewe hier 'n opdrag. God heilig ons vir Hom deur die offer van Jesus Christus. Hierdie heiliging moet nou sigbaar word in 'n heilige lewe. Dit beteken eerstens om alle sonde in ons lewe die stryd aan te sê en tweedens om al hoe meer toe te neem in toewyding en gehoorsaamheid aan God.

Die sien van God in vers 14, is een van die baie beelde in Hebreërs om die toekomstige lewe saam met God te beskryf [Matt.5:8]. Dit beteken om eendag in God se teenwoordigheid te verkeer. As ek nie in Jesus Christus geheilig is en 'n heilige lewe najaag nie, sal God my nie in sy teenwoordigheid toelaat nie.

Vanaf vers 15 volg nou drie negatiewe dinge waaroor die gemeente moet oppas.

i. Hulle moet sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie [15]. Letterlik staan hier: gelowiges moet “noukeurig en voortdurend toesien” dat niemand in die gemeente “agterbly ten opsigte van genade” nie. Hulle moet vir mekaar sorg dra.

ii. Hulle moet noukeurig let op die gevaar van *verbittering*. Letterlik: die wortel van bitterheid. Die gedagte is dat wanneer 'n gees van verbittering, van foutvind, kritiek en ontevredenheid posvat, lei dit maklik tot afvalligheid. Christene wat gedurig negatief is en met alles foutvind, besef nie hoe hulle die hele omgewing besmet nie.

iii. Hulle moet waak teen die Esaugees. Esau word hier beskryf as iemand wat sedeloos en goddeloos gesterf het. In die Ou Testament word sedeloosheid en hoereer dikwels gebruik om die afvalligheid van God te beskryf of die verbreking van die verbond [vgl.Eks.34:15-17; Duet.31:16; Hosea]. Esau word hier voorgehou as 'n voorbeeld van afvalligheid van die Here. Goddeloosheid dui daarom 'n lewe sonder God aan.

Die Grieks vir *“daar was vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met trane daarna gesoek”* [17] – kan ook vertaal word met: *bekering was nie vir hom moontlik nie, al het hy dit met trane begeer*.

Hier staan ons weer voor die ontsettende gedagte dat daar 'n stadium in 'n mens se lewe kan kom wanneer dit vir jou onmoontlik is om jou saak met die Here reg te maak. Niemand kan dit bekostig om hierdie waarskuwing te ignoreer nie.
Dit is natuurlik waar dat Esau se bekering nie ware bekering was nie. Hy het nie berou oor sy sonde gehad nie, maar oor die eersgeboortereg wat hy verloor het.

VERS 18-24.
Hierdie gedeelte lê weer klem op die groot teenstelling tussen die verskyning van God by die ou verbond op Sinai teenoor die voorreg wat vir die gelowiges van die nuwe verbond wag. Dit is na hulle sterfdag en die wederkoms van Jesus Christus, m.a.w. wanneer hulle die wenpaal bereik het. Die gebeure rondom Sinai word in verse 18-20 beskryf. Dit dien om die vreesaanjaende van Israel se Godservaring te beklemtoon. Teenoor Sinai staan die vergeestelike Sion [22-24]. Hier is dit nie vrees wat op die voorgrond staan nie, maar die fees. By hierdie feestelike samekoms is daar miljoene engele asook die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is [23]. Die hoogtepunt van die fees is die feit dat God en Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, die middelpunt van die fees uitmaak. By Sinai is God en die engele van die volk geskei. Op die Sionsberg is God, sy engele en sy mense feestelik bymekaar.
Heel opvallend word hier van gelowiges as *eersgeborenes* gepraat. In Hebreërs 1:6 was Jesus Christus die Eersgeborene. Nou word gelowiges by Hom ingetrek. Anders as Esau, is hulle eersgeboortereg vir hulle kosbaar.
Die gelowiges wat reeds gesterf het word beskryf as diegene wat *vrygespreek* en nou *volmaak* is. Die Grieks vir vrygespreek kan ook vertaal word met *"die wat volgens God se wil geleef het"*. Volmaak beteken dat diegene wat gesterf het volkome van sonde vrygespreek is deur die offer van Jesus Christus. Hulle staan nou sondeloos en volmaak voor God.
Die woorde van vers 22 aan die Hebreërgemeente – *maar julle het wel gekom by die Sionsberg* – is 'n geloofsuitspraak. Hulle is nog nie daar nie, maar kyk hulle deur die geloof en hulle gebede en eredienste, beleef hulle alreeds iets van daardie feestelike samekoms.

VERS 25-29.
Die boodskap van hierdie gedeelte is dat die gelowiges van die nuwe verbond 'n onwankelbare koninkryk ontvang. Om dit beter te illustreer, stel die skrywer die aardse teenoor die hemelse. Die aarde sal vergaan met die wederkoms van Christus. Dit is alreeds besig om te verander ná die koms van Christus na die aarde. Dit wat egter nie kan vergaan nie, is die hemelse, onwankelbare koninkryk. Dit is juis hierdie koninkryk wat God in sy genade aan die Christene skenk. Op grond hiervan moet daar groot dankbaarheid by die gelowiges wees. Hierdie dankbaarheid lyk soos volg:

i. Dit kom na vore in die erediens. Die Griekse woordjie vir *dien* wat hier gebruik word, word gewoonlik gebruik vir erediens en aanbidding.

ii. Ons dankbaarheid moet volgens God se wil ingerig word. Dit moet Hom eer en gelukkig maak.
iii. Ons dankbaarheid moet gekenmerk word deur eerbied en ontsag juis omdat God 'n verterende vuur is [29]. Dit beteken dat daar ook in ons eredienste die regte balans moet wees tussen liefde en eerbied.

B. VRAE.

1. Lees Matteus 5:23-24; Hebreërs 12:14.
   Iemand koester 'n grief teen jou [gegrond of ongegrond]. Wat behoort jy daaromtrent te doen?

2. Lees Eksodus 33:20-23 en Hebreërs 12:14.
   Op die oog af lyk dit of die twee gedeeltes mekaar weerspreek. Hoe sou u Hebreërs 12:14 verduidelik?

3. Lees vers 15-16.
   In hierdie verse volg drie negatiewe dinge waaroor die gemeente moet oppas. Noem en bespreek die drie sake wat hier genoem word.

4. Lees vers 22-24.
   In hierdie gedeelte word die eindlyn [wenstreep] vir ons as gelowiges geteken. Beskryf in jou eie woorde hoe dit sal wees.

5. Volgens 25-29 is dankbaarheid 'n belangrike eienskap van 'n erediens. Daar moet 'n mooi balans wees tussen eerbied en liefde [dankbaarheid en eerbied]. Kan dankbaarheid duideliker sigbaar word in die Gereformeerde erediens en hoe?

C. ANTWOORDE.

1. Die vrede en heiligheid in vers 14 is 'n opdrag aan ons. Ons moet in die eerste plek beywer vir vrede tussen alle mense. Vrede is baie meer as die afwesigheid van oorlog of vyandigheid. Hierdie opdrag beteken om vrede te maak en vrede te hou. In Hebreërs beteken dit dat ons, waar daar onvrede is tussen my en iemand anders, ek die inisiatief moet neem tot versoening – selfs al is ek nie die skuldige party nie.

2. Dit is waar dat niemand God kan sien en bly lewe nie. Die sien van God in vers 14, is een van die baie beelde in Hebreërs om die toekomstige lewe saam met God te beskryf. Dit beteken om eendag in God se teenwoordigheid te verkeer.

3. **Hulle moet sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie** [15]. Letterlik staan hier: gelowiges moet "noukeurig en voortdurend toesien" dat niemand in die gemeente "agterbly ten opsigte van genade" nie. Hulle moet vir mekaar sorg dra.
   Hulle moet noukeurig let op die gevaar van *verbittering*. Letterlik: die wortel van bitterheid. Die gedagte is dat wanneer 'n gees van verbittering, van foutvind, kritiek en ontevredenheid posvat, lei dit maklik tot afvalligheid. Christene wat gedurig negatief is en met alles foutvind, besef nie hoe hulle die hele omgewing besmet nie.
   Hulle moet waak teen die Esaugees. Esau word hier beskryf as iemand wat sedeloos en goddeloos gesterf het. In die Ou Testament word sedeloosheid en hoereer dikwels gebruik om die afvalligheid van God te beskryf of die verbreking van die verbond [vgl.Eks.34:15-17; Duet.31:16; Hosea]. Esau word hier voorgehou as 'n voorbeeld van afvalligheid van die Here. Goddeloosheid dui daarom 'n lewe sonder God aan.

4. Vrees staan nie hier op die voorgrond soos in vers 18-20 by Sinai nie, maar fees. By hierdie feestelike samekoms is daar miljoene engele asook die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is [23]. Die hoogtepunt van die hemelse fees is die feit dat God en Jesus Christus die middelpunt van die fees uitmaak. By Sinai is God en die engele van die volk geskei. Op die Sionsberg [die nuwe aarde] is God, sy engele en sy mense feestelik bymekaar.

5. Eie antwoord.

****